

Woensdag 21 November

Skrifgedeelte: Sagaria 9:9-19

Fokusgedeelte: Sagaria 9:9

Jubel en juig, want die Koning het gekom

Die teruggekeerde ballinge, soos ons ook dikwels, is teleurgesteld met hulle omstandighede. Tog kom die oproep: Jubel! Juig! Die Koning kom! Hy is

Regverdig! – Hierdie woord beteken meer as om net 'n goeie regter te wees. Regverdiges kan voor God, die ware Regter, in 'n nuwe verhouding bestaan. Die Koning sal sy volk teruglei tot in 'n herstelde band met die Here.

Oorwinnaar! – Hy sal vir sy volk verlossing bring van al die vyande wat hulle omring.

Nederig! – Dié eienskap klink nie so tipies koninklik nie, maar hierdie Koning is 'n Die-naar. Hy kom vir mense in nood – kleintjies, armes, verworpenes, eensames, treurendes en sondaars.

Dat Sagaria beklemtoon Hy ry op 'n donkie wys nie soseer op sy nederigheid nie. In daardie tyd was die hingsvul van 'n donkie 'n koninklike rydier. Jesus gee egter op Palm-sondag die volle betekenis aan die woorde van Sagaria. Hy ry Jerusalem binne op 'n donkie in plaas van 'n Romeinse strydwa. Hy is die nederige Messiaskoning vir wie Hosanna's weerklink.

Hy lyk nie soos 'n veldheer in sy triomftog nie. Sy oorwinning gebeur deur 'n kruis en 'n oop graf. Hy oorwin nie die Romeine in 'n veldslag nie, maar bevry mense van die mag van die sonde. Hy kom die verhouding met God vir sy onderdane herstel. Hy bestyg sy regterhandstroon en stuur die Gees van Waarheid om ons aan sy weldade te laat deel.

Die Koning het gekom! Hy is groter as soms teleurstellende omstandighede. Hoor die Gees roep: Jubel! Juig!

Sing: Psalm 24-1:1, 4

Ds. AP (Alwyn) Tredoux (Kempton Park-Noord)